gens of saans water. In die droeë warm tye in die somer, selfs soggens en saans. Die watertoediening gedurende die wintermaande kan halveer word en slegs soggens toegedien word.

Moet nie die boompies net oppervlakkig natmaak nie. Bome behoort so natgemaak te word dat die water onder die houer uit dreineer. Maak eerder minder gereeld goed maar deeglik nat. Nadelige stowwe kan andersins begin opbou in die houer en later 'n lagie in die boonste grondlaag vorm.

Hierdie lagie kan wees as gevolg van die waterkwaliteit byvoorbeeld 'n hoë chloor inhoud in kraanwater of hoë konsentrasies van ander elemente en/of verbindings uit boorgatwater. So byvoorbeeld sal 'n hoë bikarbonaat inhoud wit vlekke veroorsaak op bome se blare wat oorhoofs besproei word.

Moet nie te koue of te warm water gebruik om bome mee nat te maak nie. Soggens vroeg (in die winter) en smiddae (in die somer) behoort die water eers 'n rukkie uit die pype te dreineer voor gebruik. Boompies in direkte son se blare behoort ook nie in die hitte van die dag natgemaak te word nie. Die son sal die blare dan skroei aangesien die waterdruppels as klein vergrootglasies dien.

Indien bome vir een of ander rede na die winter gou moet begin bot (skou doeleindes), kan plante na 'n warm sonnige hoekie verskuif word en met effense lou water natgemaak word. Dit sal die grondtemperatuur verhoog en bome prikkel om uit hul winterslapie te ontwaak.